







Eldoraïne Famaliekerek: Heilige Week 2022

Die Heilige Week is vir Christene die week tussen Palmsondag en Paassondag (Opstandingsondag). Ons herdenk die passie waarmee Jesus gewillig aan die kruis gesterf het om te betaal vir ons sondes. Die Heilige week word beskryf in Matt 21 – 27; Markus 11-15, Lukas

19-23 en in Johannes 12-19. Die week begin met Jesus se intog in Jerusalem – soos voorspel in Saggaria 9:9. “Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie.” **Neem jou kruis op en stap die laaste week saam met Jesus...**

<p>9 April: Lasarusaterdag</p> <p>Ons opdrag: Reflekteer oor die afgelope 40 dae (Lent). Kon jy ekstra ruimte maak vir God in jou allegaagse lewe?</p>	<p>Johannes 11:1-45</p> <p>Vorbereiding vir Heilige Week – einde van die Lydenstyd.</p> <p>Ses dae voor sy dood het Jesus sy vriend Lasarus, in die publiek, uit die dood opgewek. Hierdie kan gesien word as vooruitskouing van Sy eie opstanding en ook die universele opstanding van die mensdom.</p> 
<p>10 April: Palmsondag - Paassangdiens – 09:00</p> <p>Ons opdrag: Moenie stilbly nie! Lukas 19:40 “En Hy antwoord en sê vir hulle: Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep.”</p>	<p>Markus 11:1-11; Lukas 19:28-44</p> <p>Vanaf die Olyfberg tot in Jerusalem op ‘n donkie.</p> <p>Vir die eerste keer word Jesus vereer en soos ‘n Koning behandel.</p> 
<p>11 April: Heilige Maandag Adoramus 19:00</p> <p>Ons opdrag: Sien Eldoraïne familiekerk as ‘n huis van gebed vir al die nasies. Markus 11:17 “My huis moet 'n huis van gebed genoem word vir al die nasies...”</p>	<p>Markus 11:15-19; Lukas 19:45-48, Matt 21: 12-21</p> <p>Jesus maak die tempel skoon en vervloek die vyeboom.</p> <p>Die kinders roep uit: “Prys die Seun van Dawid!”</p> 
<p>12 April: Heilige Dinsdag</p> <p>Adoramus 19:00</p> <p>Ons opdrag: Wat sien Jesus in jou offer?</p>	<p>Matt 12: Jesus antwoord vrae oor die huwelik, belasting en sy gesag.</p> <p>Die arm weduwee. Jesus sien die vrou se hart raak. Sy gee alles wat sy het. Meer as net die muntstukke wat sy het. (Mark 12: 41-44)</p> <p>Jesus lewer die profetiese rede. Joh 12:25 “Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou.”</p> 

Dinsdagaand: Ons gaan ‘n offergawekis by die deur hê. Bring jou offer saam (hoe klein ookal)

<p>13 April: Heilige Woensdag (Ook genoem “Spy Wednesday”)</p> <p>Adoramus 19:00</p> <p>Ons opdrag: Dien, eerder as om te verraai.</p>	<p>Matteus 26: 6-13: Jesus word gesalf met kosbare reukolie. Hy word daarmee uitgesonder vir ‘n groter doel.</p> <p>Matt 26:14-16 Judas tree op as ‘n agent vir die Sanhedrin. Hy aanvaar 30 stukke silwer in ruil vir inligting oor Jesus.</p> <p>Matt 26:11 “Die armes het julle altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie.”</p> 
<p>14 April: Heilige Donderdag (Ook genoem “Maundy Thursday”)</p> <p>Eucharistie 19:00 Avondmaal direk na Eucharistie</p> <p>Ons opdrag: Dien mekaar in nederigheid en met liefde. Deel die Avondmaal aan ‘n tafel saam met julle geliefdes.</p>	<p>Lukas 22: 7-23: Die laaste Avondmaal. Jesus in Getsemane. Hy smeeke dat die beker by Hom moet verbygaan.</p> <p>Joh 13:1-16: Hierdie dag word gekenmerk deur die daad van “voete was”.</p> <p>“Maundy” is afgelei van die Latynse woord “mandatum,” wat beteken “opdrag”. Dit verwys na toe Jesus in die bo-kamer tydens die laaste Avondmaal vir sy dissipels gesê het: “Ek gee julle ‘n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar liefhê.” Joh 13:34.</p> 
<p>Maak seker dat jou naam op die lys geskryf is vir die Avondmaal - ter wille van getalle.</p>	
<p>15 April: Goeie Vrydag</p> <p>Goeie Vrydag erediens 09:00</p>  <p>Ons opdrag: “Bekeer julle...”</p>	<p>Markus 15; Lukas 23</p> <p>Die wêreld draai teen Jesus. Verwys na die 14 Stasies van die kruis. Jesus word gekruisig. Sy Kruiswoorde:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” (Luk. 23:34) 2. “ Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.” (Luk. 23:43) 3. “Daar is u seun... Daar is jou moeder.” (Joh. 19:26-27) 4. “My God, my God, waarom het U My verlaat?” (Matt. 27:46, Mark 15:34) 5. “Ek is dors.” (Joh. 19:28) 6. “Dit is volbring!” (Joh. 19:30) 7. “Vader, in U hande gee Ek my gees oor.” (Luk. 23:46)
<p>16 April: Stil Saterdag (Ook genoem “Black Saturday”)</p> <p>Ons opdrag: Psalm 46:11: “Bedaar en erken dat Ek God is.”</p>	<p>Lukas 23:55-56; Matt 27: 62-66.</p> <p>Jesus in die graf. Dag van liturgiese rou – vas en stilte.</p> <p>Die Priesters en Fariseërs vra Pilatus om wagte aan te stel by Jesus se graf.</p> 
<p>17 April: Opstanding-sondag</p> <p>Paassondag erediens 09:00</p>	<p>Markus 16; Lukas 24</p> <p>Jesus oorwin die dood en verkry ook vir ons die oorwinning. ‘n Feesdag en hoogtepunt van die liturgiese jaar. Begin van die Paasseisoen. Ons vier Jesus se opstanding. Paasseisoen eindig met die Hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees.</p> 